# God se Vreemde Opdragte 8



Hierdie Bybelspeletjies is geskryf om jou te help om weer jou Bybel te leer ken. Om te besef dat die God van die Bybel se tyd, nogsteeds dieselfde God van vandag is, en dat dit tyd is dat ons Hom weer leer ken. In hierdie speletjie kyk ons na die vreemde opdragte wat God aan Sy kinders gegee het.

## Leidrade: Wie is ek?

- Ek was ‘n baie belangrike man in my tyd gewees.
- God het ‘n klein dogtertjie gebruik om my te help.

Ontsyfer van die vreemde opdrag deur die instruksies te volg.

| | A | B | C | D | E | F |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1** | letter | ek | hoog | moes | moses | my |
| **2** | sewe | hooi | keer | egipte | plooi | in |
| **3** | konings | die | jordaan | romeine | gaan | wêreld |
| **4** | was | goed | goud | om | grond | job |
| **5** | boog | genees | josef | rome | te | prente |
| **6** | word | poot | eiendomme | van | lettergrepe | melaatsheid |

1. Krap al die woorde in Kolom A en F uit wat ses letters het.
2. Krap al die woorde in die tabel uit wat rym met oog.
3. Krap al die woorde uit wat Bybelboeke is.
4. Krap al die woorde in Ry 2 uit wat meer as twee klinkers het.
5. Krap al die woorde in Kolom D uit wat plekke is.
6. Krap al die woorde in Ry 4 uit wat al die letters van GOD in het.
7. Krap die mansname uit.
8. Krap al die woorde in Kolom B uit wat met ‘n T eindig.
9. Krap al die woorde in Ry 6 uit wat vier lettergrepe het.

*Skryf nou die woorde wat oorgebly het neer in die volgorde van links na regs, van bo na onder:*

________________________________________

________________________________________

## Antwoord:

Wie is ek? Naäman

## **Opdrag:** 2 Konings 5:1-14

Ek moes myself sewe keer in die Jordaan gaan was om genees te word van melaatsheid.

## Ekstra vrae wat jy kan gebruik:

1. Hoekom was Naäman ‘n belangrike man gewees? (2 Kon 5:1)

2. Hoe het die dogtertjie wat Naäman se vrou se bediende geword het, hom gehelp om gesond te word? (2 Kon 5:3)

3. Hoekom was Naäman vies oor wat hy moes doen om gesond te word? (2 Kon 5:11-12)

4. Wie het hom laat weet wat hy moes doen? (2 Kon 5:8)

## Antwoorde:

1. Hy was die hoof van die leër gewees en het die koning se agting geniet.

2. Sy het vir Naäman se vrou gesê dat as hy by die profeet in Samaria kon uitkom, dan sal hy gesond word.

3. Hy was vies omdat Elia nie eers uitgekom het en sy hand heen en weer oor die plek beweeg het om die melaatsheid weg te neem nie. Hy het ook gesê die riviere van sy eie land is beter as die Jordaan rivier, so hoekom kon hy hom dan nie daarin gaan was nie.

4. Die profeet Elia

## Antwoord:

| | A | B | C | D | E | F |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1** | letter | ek | hoog | moes | moses | myself |
| **2** | sewe | hooi | keer | egipte | plooi | in |
| **3** | konings | die | jordaan | romeine | gaan | wêreld |
| **4** | was | goed | goud | om | grond | job |
| **5** | boog | genees | josef | rome | te | prente |
| **6** | word | poot | eiendomme | van | lettergrepe | melaatsheid |